"N PAAR VAN DIE VOORDELE OM AAN DIE PBBV TE BEHOORT"

1. **Die *grootste voordeel*** om aan die BBV te behoort is die feit dat sou daar ñ brand op u eiendom ontstaan, u as onskuldig beskou word aan nalatigheid/brand stigting tot die teendeel bewys kan word. Sou u nie aan die BBV behoort nie word u as skuldig geag aan nalatigheid/brand stigting totdat u die teendeel in ñ hof kan bewys.
2. Meeste ***versekering instansies*** vereis lidmaatskap aan 'n bbv. Ons reik aan U 'n sertifikaat uit vir die doeleindes.
3. ***Gevaarlike weersomstandighede*** word gereeld met al ons lede kommunikeer via "whatsup". Tydens die brand seisoen ontvang U die brand gevaar indeks daagliks.
4. U kan uself vergewis dat die ***gemeenskap*** wat lede is, u sal kom help as ñ brand op u eiendom ontstaan of as u in die spervuur is van ñ aankomende brand.
5. Die Potch BBV besit tans ***122 bakkie vuur vegters*** in die Potchefstroom/Ventersdorp gebied wat versprei is by lede om te help om U eiendom te beskerm.
6. Ons ***twee rigting radio netwerk*** werk uitstekend. Die Potch BBV betaal U as lid, se "ICASA" lisensie geld.
7. Sou die ***brandweer dienste*** ontbied word (deur enige persoon) is ñ nie-lid verantwoordelik vir moontlike koste aan die plaaslike owerheid. U as lid, se rekening sal teen ñ nul koers gehef word.
8. Die 3 "***WORKING ON FIRE***" spanne wat in Potchefstroom opereer sal u kosteloos kom help met brand bestryding asook die maak van voorbrande op u eiendom. U is egter verantwoordelik vir die transport van die span. Tydens baie groot brande dra ons die koste self.
9. U sal voordeel trek uit die PBBV organisasie se vermoë om aan u ***bystand te lewer in nood situasies***, het sy dit ñ brand of enige ander vorm van nood is wat u mag beleef.
10. Ons het samewerking ooreenkomste met groot staat instansies soos ***SANDF, Police Mounted Academy, NW Universiteit ens***. om met hulle groot slaan krag te help tydens veld brande
11. Die Potch BBV is deel van die sambreel organisasie (***Potchefstroom Gemeenskap Veiligheid***) wat primêr daar is vir U veiligheid.
12. Die PBBV beskik ook oor ***twee nag sig kameras*** om U veiligheid te help verseker.
13. Ons het 'n "Ooreenkoms" met ***ER24*** nood dienste om ons lede en hul huisgesin gratis te help en die eerste 50km is ook gratis vir vervoer na 'n hospitaal.
14. Ons doen die finansieële administrasie van 'n groot deel van die **veiligheids kameras** suid van Potchefstroom tussen die lede en Belrex.
15. Ons huur'n ***kantoor by die OBARO*** gebou, wat ons self gebou het, wat tydens normale kantoor ure oop is vir U gerief.
16. ***WoF spanne*** kan hier geboek word om U van diens te wees:
    - 1 November – 31 Mei

OPLEIDING PLAAS WERKERS

    - **Uitkap van indringer bosse** soos "katbos", "black wattle", "bankrot bos"
    - Opvul van **erosie slote/gate**
    - **Spuit van gif** op gewasse
    - Maak van **voorbrande of blok brande**
    - **Opleiding** aan plaas werkers. Brand veiligheid, regte gebruik van toerusting, behandeling van brand wonde ens. word gedek.
    - 1 Junie-31 Oktober

STRATEGIESE VOORBRANDE

    - Tydens die brand seisoen het ons in **Potch 3 spanne wat op bystand is om te help met die blus van veld brande.**
    - Hulle is toegerus met **alle toerusting** om bogenoemde take te verrig
    - Hulle is ook met **twee 4x4 IVECO brand trokke** toegerus as primêre vervoer middel en een 25 sitplek bus met plek vir alle toerusting.

ONS TROTS

ONS VUUR VEGTER EENHEDE

VENNOTE